

Januarie 2019

## Vanderbijlpark Fotografiese Vereniging

Posbus 2108  
Sasolburg  
1947

E-pos: [vdbpfotoklub@gmail.com](mailto:vdbpfotoklub@gmail.com)  
Webwerf: <http://www.vdbp-photo.org/>  
Facebook: <https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub>



### November Veelsydigheids Weners 2018

# KOLLIG

---


## **Inhoudsopgawe:**

|                                                                    |    |
|--------------------------------------------------------------------|----|
| <u>Redaksie aan die woord</u> .....                                | 3  |
| <u>Boodskap vanaf die Voorster</u> .....                           | 4  |
| <u>Komiteelede</u> .....                                           | 5  |
| <u>Ander portefeuljes</u> .....                                    | 5  |
| <u>Klub Facebook</u> .....                                         | 6  |
| <u>Klub Webtuiste</u> .....                                        | 6  |
| <u>Lief en Leed</u> .....                                          | 6  |
| <u>Verjaarsdae</u> .....                                           | 7  |
| <u>LCD Skerms</u> .....                                            | 7  |
| <u>Welkom / Ken mekaar</u> .....                                   | 8  |
| <u>Nuwe lede / Een en twee ster fotografe</u> .....                | 9  |
| <u>Klub ledegeld – Elsa Brits</u> .....                            | 10 |
| <u>Fotografie wenke – Koos Fourie</u> .....                        | 11 |
| <u>Klubmaand temas</u> .....                                       | 12 |
| <u>Klub Dagboek</u> .....                                          | 13 |
| <u>Klubmaand kompetisies</u> .....                                 | 14 |
| <u>Wen foto's</u> .....                                            | 14 |
| <u>Wenners - Vanderbijlpark Fotografiese Vereniging</u> .....      | 15 |
| <u>Algehele Wenners</u> .....                                      | 16 |
| <u>November 2018 Klubaand asook COM's</u> .....                    | 16 |
| <u>Fotografie geleentheid</u> .....                                | 30 |
| <u>Werkswinkel</u> .....                                           | 30 |
| <u>PSSA</u> .....                                                  | 31 |
| <u>PSSA Salonne – Fotografiejaar 2018</u> .....                    | 31 |
| <u>PSSA Salonne Impala Trofee Fotografiejaar 2017 – 2018</u> ..... | 31 |
| <u>Salon uitslae</u> .....                                         | 30 |
| <u>Fotograaf en Werker van die Jaar kriteria</u> .....             | 34 |
| <u>Vorderingstaat – Elrick du Toit en Chanel Enslin</u> .....      | 34 |
| <u>Bevorderings</u> .....                                          | 41 |

# KOLLIG

---

Redaksie aan die woord



Kollerige groete



## Boodskap vanaf die Voorsitter

### Voorsitterboodskap – Januarie 2019

Dis met groot opgewondheid dat ek julle groet en 'n baie geseënde en gesonde 2019 toewens. Baie welkom terug na die breek en ek hoop julle het almal genoeg geleenthede gekry om pragtige fotos te kon neem. Ek glo ons sal weldra bewyse hiervan by die klubaande en by Salonne sien.

Daar is 'n gevoel van vernuwing en verandering in die lug en die gedagte van nuwejaarsvoornemens waar ons planne het om die jaar in 'n sekere rigting te laat gaan, is somer baie lekker. Ek hoop dat julle ook in die beplanningsfase plek maak (dalk heelbo aan die lys) vir julle fotografiese doelwitte. Dit bly mos beverdigend om te kan groei en ontwikkel.

Ek glo die grense gaan gedurende 2019 ook verskuif word om daardie iets anders of spesiale plek te gaan besoek. Daar is 'n groeiende getal fotografe wat ook oor ons land se grense beweeg om ander geleenthede te gaan ontgin. Sterkte met al die planne en ons kyk uit vir daai impak fotos.

Ons spring somer vroeg weg met die beginnerskursus wat ons gedurende Februarie en Maart gaan aanbied. Daar was sover met elke kursus fotografe wat na die kursus ontpop het as fotografe met baie potensiaal en dis lekker om te sien hoe hulle feitlik elke maand groei met hulle fotografie.

Ek glo ons foto klub gaan hierdie jaar ook as foto klub groei as gevolg van ons lede se betrokkenheid en passie. Daar gaan voetgebou word op verlede jaar se suksesse, ons gaan nog meer toekennings sien, die algemene standaard gaan hoër wees en ons gaan verseker ook nog 'n paar lede bykry.

Ek sluit af met wat ek dink 'n heel gepaste aanhaling vir die begin van die nuwe jaar is.

“The most important thing about photography is who you are, and I can go into depth about the psychology of that, but there's no way you can take a photograph and not leave your imprint on it. Every time you hit the shutter it's based on who you are, that's what makes you different from everybody else. My style is that I shoot from the heart, to the heart.” — Joe Buissink

Groete

Koos Fourie

# KOLLIIG

## Komiteelede

|                                                                                                                                                                                                                                                                                               |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>Voorsitter:</b><br/><b>Koos Fourie APSSA</b></p> <p>083 468 1173 (s)<br/><a href="mailto:Koosfourie@telkomsa.net">Koosfourie@telkomsa.net</a></p> <p><b>Skakelbeampte:</b><br/><b>Johan Brits FPSSA</b><br/>082 718 8394<br/><a href="mailto:tsawa@yebo.co.za">tsawa@yebo.co.za</a></p> | <p><b>Vise-voorsitter; Nuwe lede;<br/>Klubtoerusting:</b><br/><b>Francois Roux MPSSA; Hon FPSSA;<br/>EPSSA; AFIAP</b><br/>082 572 3560 (s) 016 421 1034 (w)<br/><a href="mailto:froux@jbv.co.za">froux@jbv.co.za</a></p> <p><b>Tesourier/Korrespondensie:</b><br/><b>Elsa Brits</b><br/>016 973 3205<br/>083 287 7446(s)<br/><a href="mailto:Elsa.brits@gmail.com">Elsa.brits@gmail.com</a></p> | <p><b>Sekretaris:</b><br/><b>Renee Storme</b><br/>016 976 2671 (w)<br/>082 452 2539 (s)<br/><a href="mailto:Chanre1@telkomsa.net">Chanre1@telkomsa.net</a></p> <p><b>Webwerf / Geskenke</b><br/><b>Elsa Brits</b><br/>016 973 3205<br/>083 287 7446<br/><a href="mailto:Elsa.brits@gmail.com">Elsa.brits@gmail.com</a></p> |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

## Ander portefeuljies

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p><b>President van PSSA:</b><br/><b>Anne d'Oliveira APSSA</b><br/>083 325 0478<br/><a href="mailto:anned@iafrica.com">anned@iafrica.com</a></p> <p><b>Suidelike Gauteng Streeks<br/>Direkteur:</b><br/><b>Johan Brits FPSSA</b><br/>082 718 8394<br/><a href="mailto:tsawa@yebo.co.za">tsawa@yebo.co.za</a></p> <p><b>Facebook:</b><br/><b>Haig Fourie LPSSA (Vers)</b><br/>083 311 9722<br/><a href="mailto:haigf@cwj-wire.co.za">haigf@cwj-wire.co.za</a></p> <p><b>Nuwe lede:</b><br/><b>Mietsie Visser (APSSA)</b><br/>072 671 3803<br/><a href="mailto:docnvv@absamail.co.za">docnvv@absamail.co.za</a></p> | <p><b>Photovault:</b><br/><b>Elrick du Toit</b><br/>083 280 7485<br/><a href="mailto:elrick.dutoit@mweb.co.za">elrick.dutoit@mweb.co.za</a></p> <p><b>Vordering;<br/>Fotograaf van die jaar</b><br/><b>Chanel Enslin</b><br/>082 870 7024<br/><a href="mailto:chanele@telkomsa.net">chanele@telkomsa.net</a></p> <p><b>Klanksisteem:</b><br/><b>Pine Pienaar</b><br/>016 980 2524<br/>074 898 6384<br/><a href="mailto:pienaar26@gmail.com">pienaar26@gmail.com</a></p> | <p><b>Redaksie:</b><br/><b>Rosie de Jager</b><br/>072 989 8460<br/><a href="mailto:rosie.dejager@gmail.com">rosie.dejager@gmail.com</a></p> <p><b>Statistieke</b><br/><b>Jaco Klopper</b><br/>083 292 1156<br/><a href="mailto:jaco@jkdreams.co.za">jaco@jkdreams.co.za</a></p> <p><b>Uitstappies:</b><br/><b>Nicky Jansen van Vuuren</b><br/>083 744 7711<br/><a href="mailto:nicolenejvv@gmail.com">nicolenejvv@gmail.com</a></p> |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

# KOLLIG

## Klub Facebook

We are a local photographic club where amateurs and enthusiasts can meet and share images of various genres. (Please click on the facebook logo below to open the VFV Facebook page on the internet. CTRL + Click)



*Where photography  
and people meet...*



## Klub Webtuiste

Jy kan op die volgende skakel klik <http://www.vdbp-photo.org/> of jy kan ook op die onderstaande foto klik indien jy 'n aktiewe internet konneksie het, om toegang tot die webtuiste te verkry.



*Onthou dat jy die Online – kompetisie uitslae en kommentaar ook op die webtuiste kan sien.*

## Lief en Leed



Hiermee wil ons innige simpatie oordra aan Deon de Jager met die afsterwe van sy broer.



# KOLLIG

## Verjaarsdae

Die volgende lede verjaar in Desember / Januarie / Februarie.



Is jou naam nie op die verjaardaglys nie? Laat weet asseblief sodat dit reggestel kan word op die ledelys [Elsa.brits@gmail.com](mailto:Elsa.brits@gmail.com)

## LCD Skerms

LCD skerms moet ongeveer een keer per maand gekalibreer word. Die klub se Spyder is beskikbaar vir die persone wat dit sou wou gebruik. Francois Roux hanteer die klub se fotografietoerusting en reëlins kan met hom getref word om die Fotoklub se Spyder te leen. Maak gerus enige tyd kontak met hom om te hoor wanneer jy die Spyder sal kan leen. [froux@jbv.co.za](mailto:froux@jbv.co.za)



'n Ander opsie is om van die metode op PSSA se webtuiste gebruik te maak. Die volledig artikel, sowel as enige van die foto's wat jy sal benodig, is ook daar beskikbaar. Indien jy bo-oor die ikoon links beweeg sal jy 'n direkte toegang tot die webbladsy kry (indien jou rekenaar dit toelaat).

Natuurlik kan jy ook jou eie Spyder koop. Maar asseblief, dit is as 'n reël nie beskikbaar by 'n troeteldierwinkel nie. En ook staan dit nie bekend as 'n Tarentula nie.



## Nuwe lede / Een en twee ster fotografe/Welkom

**Ken Mekaar – Elrick du Toit**

### 1. Waar het die fotografiese passie ontstaan?

Soos baie mense het ek ook 'n behoefte gehad om herinneringe en ander oomblikke vas te vang. Ek het in die vroeë 2000's my eerste Sony digitale mik-en-druk kamera gekoop en het dit geniet om alles af te neem (sonder die limitasies van film), maar ek het agtergekom dat my fotos nie werklik goed lyk nie. Toe doen ek maar soos meeste mense en besluit dat die probleem by die kamera lê. In 2011 het ek gevolglik my eerste DSLR (ten duurste, of so het ek toe nog gedink) aangeskaf – 'n intreevlak Nikon met 2 kit lense. Groot was my ontnugtering toe my fotos nie werklik verbeter het nie. Die nuwe kamera was baie meer kompleks as die ou een. Ek het nie werklik verstaan hoe alles werk nie en kon nie my resultate verduidelik nie. Ek glo dit is 'n baie algemene probleem waarmee so baie ander mense ook sukkel.

Met tyd het ek bietjie opgelees en die basiese aspekte van fotografie en die kamera begin verstaan. Tog het ek bly voel dat my fotos nie so goed lyk soos sommige van my vriende se fotos op sosiale netwerke nie.

Toe gesels ek eendag met 'n kollega, Morne Potgieter, en hy vertel my van die plaaslike fotoklub. Ek het 'n paar klubaande gaan bywoon en was beïndruk met die hoë kwaliteit van fotos wat ek daar gesien het. Ek het die jaarlikse beginnerskursus in 2017 bygewoon en het baie geleer en die geleentheid gekry om praktiese ervaring op te tel. Daarna het ek by die klub aangesluit, my kamera van Auto afgehaal en deel geword van 'n nuwe familie wat dieselfde passie het.

### 2. Watter fotograaf inspireer jou/wie se werk volg jy?

Hier moet ek bieb – ek ken nie werklik enige bekende fotografe of hulle werke nie (behalwe die klompie by die klub).

### 3. Watter genres is jou gunsteling?

Tot dusver geniet ek Sport en Makro fotografie. Sport gee my die geleentheid om bietjie uit die huis te kom en deel te word van 'n ander omgewing. Dit is baie opwindend om iemand soos Geniel de Villiers in sy Toyota bakkie te probeer afneem terwyl hy teen hoë spoed oor rowwe landskap aangejaag kom.

Met Makro is dit weer lekker om die fyn detail om ons te bestudeer – die goed wat ander mense glad nie eens raaksien nie.

Ek kry nie baie geleentheid om Wildlife of Scapes te doen nie, en het nog nie werklik 'n passie vir portrette ontwikkel nie.

Ek hou nogal van Monochroom verwerking aangesien dit die vermoë het om meer impak te gee aan die regte foto.

Ek probeer fotos so neem sodat ek nie te veel tyd aan editing hoef te spandeer nie.



# KOLLIG

---

## 4. Wie is Elrick?

Nadat ek as kind saam met my ouers draaie deur 3 provinsies gemaak het, het ek Rekenaarstelsel ingenieurswre in Bloemfontein gaan studeer met behulp van 'n beurs van die eertydse Yskor. In 1997 het ek na Vanderbijlpark verhuis en by Yskor aangesluit, en ek werk nog steeds daar al het die maatskappy al baie verander oor die jare. Ek beklee tans die pos as bestuurder vir 'n groep argitekte binne die proses IT omgewing. Dit is 'n redelike tegniese rigting wat dalk verduidelik waarom ek so bietjie sukkel met kreatiwiteit en waardering vir kuns.

Dit is 'n baie opwindende tyd om in die IT bedryf te wees. Gedurende die laaste paar jaar was daar baie groot tegnologiese vooruitgang en ons staan tans na die begin van die 4de industriële rewolusie wat deur tegnologie gedryf gaan word. Deel van my span se verantwoordelikhede is om juis te kyk hoe 'n maatskappy soos ArcelorMittal kan baat by hierdie nuwe tegnologieë. Ons is veral opgewonde oor die moontlikhede van kunsmatige intelligensie.

Maar genoeg oor die werk.

Ek is vir die afgelope 16 jaar getroud met Karin, 'n oogkundige wat die plaaslike Torga Optical praktyke bedryf. Die Vanderbijlpark praktyk is al amper 13 jaar suksesvol aan die gang, terwyl die een in Drie Riviere sy deure aan die einde van 2018 oopgemaak het. Die praktyke verg baie tyd en aandag, en dit het ook maar 'n impak op my beskikbaarheid en opsies rondom fotografie. Karin is baie kunstig en geniet 'n wye verskeidenheid stokperdjies, maar ongelukkig nie fotografie nie.

Ons het twee jong seuns – Alexander en Nicholas, en hulle hou ons redelik besig. Alexander is tans 7 en die oudste. Hy is outisties en dit kom met 'n stel unieke uitdagings wat min mense verstaan. Jongboet Nicholas word binnekort 6 en het pas Graad R begin.

Behalwe vir fotografie het ek ook 'n passie vir tegnologie by die huis. Enigiets met drade en knoppe. Ek geniet elektronika en sommige rekenaarspeletjies, met voorkeur vir strategiese en aksie speletjies. Ek hou ook daarvan om met my hande te werk en het al heelwat kaste vir ons huis gebou. Ek glo dat 'n mens konstant moet leer in die lewe, dus lees ek nogal redelik en versamel baie boeke in pdf formaat (alhoewel ek nooit by almal sal uitkom nie). Ons hou daarvan om as gesin te reis en nuwe plekke en kulture te ervaar. Hiervan was ons reis na Zanzibar en Nederland seker die bestes



# KOLLIG



Praat gerus met Elsa Brits - 0832877446(s) of per e-pos:

Elsa.brits@gmail.com

Sy het heelwat inligting wat baie handig te pas kan kom.

Probeer ook die volgende links: <http://www.vdbp-photo.org>

<https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub>

<http://www.pssa.co.za/>

Indien jy die eerste keer Photovaultonline wil gebruik om 'n foto op te laai vir die klub kompetisies, moet jy eers registreer.

Gaan na <http://www.photovaultonline.com> en klik op die registreer opsie en vul die nodige velde in. Sodra jy die bladsy 'submit' sal 'n e-pos na die gespesifiseerde e-pos adres gestuur word. In die e-pos sal 'n webadres wees wat jy moet volg om die registrasie te voltooi. Onthou om ook in die 'junk' vouer te kyk as jy dink dat jy nie die e-pos ontvang het nie. Hierna kan jy inteken op Photovaultonline met die gekose 'Login id' en wagwoord wat ook in die bevestigings e-pos sal verskyn.

## Klub ledegeld – Elsa Brits



*Where photography  
and people meet.*

Bank: **ABSA**

Tipe: **Spaarrekening**

Rekening Nr: **9245070716**

Die klub se boekjaar strek van

1 Julie – 30 Junie.

Klub ledegeld kan of by Elsa of direk in die bank inbetaal word. Onthou dan net om 'n bewys van betaling aan Elsa te stuur:

[Elsa.brits@gmail.com](mailto:Elsa.brits@gmail.com)

### Jaarlikse Klub Gelde –

**01 Julie 2018 tot 30 Junie 2019**

i. PSSA lede: R130 per gesin per jaar

ii. Nie-PSSA lede: R180 per gesin per jaar

### Bank besonderhede:

Naam: **Vanderbiljparkse Fotografiese**

**Vereniging**



## Fotografie wenke – Koos Fourie

### Motion Photography Techniques: Panning, Smearing & Freezing

#### Introduction

When taking a photograph of a moving object, the photographer has the flexibility to choose between several relevant techniques in order to pass the feeling of motion to the viewer. This tutorial will cover the most relevant techniques: Panning, Smearing & Freezing.

**Part 1 – Freezing:** Freezing is a very common technique. Given a scene with an object that moves at a certain speed, the photographer can capture it with a high shutter speed and freeze the action.

In practice, this is the default amateur motion photography technique as in most cases it doesn't require any advanced knowledge from the photographer.

In order to achieve an accurate focus, it is recommended to enable the camera focus points according to the object location in the planned composition. This way the photograph can be taken without recomposing while taking the photograph, a step which will obviously cause loss of focus while capturing high speed motion.

A common problem is in scenarios in which there's not enough lights in the scene, resulting in a low shutter speed and a blurred moving object.

In order to achieve the best result it is recommended to work with the camera in aperture priority mode (Av in Canon / A in Nikon) and consider the following variables according to the scene motion speed & the available light:

- Aperture – Aperture can be widened to enable lens highest speed (a first step can be to simply use the lens widest aperture).
- ISO – ISO can be raised in order to achieve fast enough shutter speed.
- Focal length – If ISO & Aperture modifications are not providing satisfactory results, considering going for a shorter focal length.
- Flash – In certain scenarios, flash can be used to add lights to scene (we will not dive into it in this tutorial).

**Part 2 – Panning & Part 3 – Smearing to follow in next issue of the Kollig**

# KOLLIG

## Klub Dagboek

|             |                                                                    |
|-------------|--------------------------------------------------------------------|
| 11 Jan 2019 | Klub Aanlyn inskrywings sluit <b>HD</b>                            |
| 15 Jan 2019 | <b>Klubaand inskrywings sluit HD</b><br><b>Spreekwoorde</b>        |
| 15 Jan 2019 | Praktiese Werkswinkel Opleiding<br>Kliprivier Estate – Leon Jacobs |
| 18 Jan 2019 | <b>NWU</b>                                                         |

**Tydens die meeste van ons klubaande is teenwoordigheid verpligtend om te mag deelneem. WEES DAAR en moenie vergeet om aan te teken nie ☺**  
**Onthou dat 'n foto of soortgelyke foto nie twee keer ingeskryf mag word nie – Slegs tydens ons jaarkompetisie in Julie is dit toelaatbaar dat dieselfde foto wat al tydens klubaande vertoon is, weer die lig mag sien.**

**Onthou dat alle foto's in HD formaat moet wees**

| Beoordelaars Januarie 2019 |              |               |           |                 |
|----------------------------|--------------|---------------|-----------|-----------------|
| Datum                      | Onderwerp    | A*            | B         | C               |
| 2019/01/18                 | Spreekwoorde | Francois Roux | Tom Prins | Morne Potgieter |

\*A-beoordelaars het die reg om 'n toekenning wat gemaak is te wysig indien hy/sy dink dat die toekenning foutief is. A-beoordelaars moet asseblief hierdie reël toepas. Na die beoordeling moet die A-beoordelaar die aand se beoordeling kortliks met die ander beoordelaars bespreek.

Die oplaai van foto's geskied via <http://www.photovaultonline.com>. Indien jy onseker is hoe om dit te gebruik, gaan kuier gerus op ons webwerf <http://www.vdbp-photo.org> vir meer inligting. PSSA lede moet asseblief hulle 'M' nommers op photovaultonline gebruik. Dit verskyn op julle lidmaatskapkaartjies. As julle onseker is, kontak gerus vir Ria Katzke van PSSA of Elsa [Elsa.brits@gmail.com](mailto:Elsa.brits@gmail.com).

'n Foto wat volgens kommentaar deur die beoordelaars 'reggemaak' is, kan by die volgende klubaand saam met die oorspronklike foto vertoon word. Hierdie foto's moet vooraf aan Francois per e-pos gestuur word waarna hy 2 of 3 voorbeelde, wat gewerk het of nie, sal kies om tydens die daaropvolgende klubaand te bespreek.

Lede word daarop gewys dat die gebruik van dieselfde of soortgelyke foto in twee verskillende mediums byvoorbeeld in digitaal kleur en digitaal monochroom nie aanvaarbaar is nie. Dit word geheel en al ontmoedig.

# KOLLIG

## Maand Temas 2019

|           |                                   |
|-----------|-----------------------------------|
| Januarie  | Spreekwoorde – Chanel Enslin      |
| Februarie | Hande en Voete – Jaco Kloppers    |
| Maart     | Fire en Ice – Nicky JV Vuuren     |
| April     | Straatfotografie – Koos Fourie    |
| Mei       | Nagfotografie – Mietsie Visser    |
| Junie     | Flash fotografie – Hennie Karsten |
| Julie     | Jaar kompetisie                   |
| Augustus  | Scapes – Suzy de Beer             |
| September | Wildlife – Renee Storme           |
| Oktober   | Troeteldiere – Nicky JV Vuuren    |
| November  | Veelsydigheid                     |
| Desember  | Geen                              |

*"For me, the camera is a sketch book,  
an instrument of intuition  
and spontaneity."*

*Henri Cartier-Bresson*



[creativemotiondesign.com](http://creativemotiondesign.com)



# KOLLIG

## Klub Maand kompetisies



### Besluit by Fotoklubkomitee vergadering geneem:

- Daar sal voortaan slegs hande geklap word vir COM toekennings asook wanneer die weners van die onderskeie kategorieë tydens fotoklubaande aangewys word. (nie meer hande klap vir goue toekennings).
- **Veranderings aan die Klub- Maand- Kompetisies.**  
AL die inskrywings vir die Vrydagklubaande sal voortaan op een plek in Photovault gedoen word.
- 'n Max van 4 x fotos uit enige van die kategorieë mag steeds ingeskryf word met die volgende beperkings:

Monochrome = max 2 fotos

Maandonderwerp = max 2 fotos

Composites = max 2 fotos, en

Ope Afdeling = max 2 fotos

\* Wysigings van Kategorie en Algehele Weners:-

\* Die beoordelaars sal tydens die klubaand n wenner van die Aanlyn Kompetisie aanwys.

\* Daar sal 'n Junior & Senior Wenner vir elkeen van die 4 kategorieë aangewys word (elkeen ontvang 'n prys).

\* Aan die einde van die aand sal die beoordeellaars 'n Algehele Junior & Senior Wenner van al die kategorie weners aanwys. (geen pryse - fotos na PSSA vir maand se Klubwenner kompetisies).

# KOLLIG

## Wenfotos

Die wen fotos word in die plaaslike koerant geplaas, saam met 'n beriggie oor die klub. Indien daar lede is wat nie hulle fotos geplaas wil hê nie, laat weet asseblief vir Elsa Brits. Geen antwoord sal aanvaar word as instemming dat dit gepubliseer mag word.

Indien jy die gelukkige wenner is van die Junior en Senior afdelings, sal Francois Roux jou in **PSSA se klubkompetisie inskryf**. Baie geluk met jou wen. Hou PSSA se webtuiste dop. Ons glo sommer julle gaan baie goed doen.



Die beoordeelaars behou die reg om die wen foto in die Visual Arts / Composites aan te vra om die foto te verifieer.



# KOLLIG

## Wenners - Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging

| Datum      | Junior<br>(1– 3 ster)          | Senior<br>(vanaf 4ster)       | Maandonderwerp                                                                                                                                                                                                                          |                                                                                                                                                                                                                                            | Monochrome<br>Composite/Visual                                 |
|------------|--------------------------------|-------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------|
| 2018/03/16 | Susan Jacobs<br>Jaco Kloppers  | Haig Fourie<br>Hennie Karsten | Portraits                                                                                                                                                                                                                               | Henk Scheepers                                                                                                                                                                                                                             | Brenda Karsten<br>Jan Jacobs                                   |
| 2018/04/20 | Elrick du Toit<br>Neville Hein | Jan Jacobs<br>Mietsie Visser  | Captivity                                                                                                                                                                                                                               | Neville Hein                                                                                                                                                                                                                               | Brenda Karsten<br>Dricky Gouws                                 |
| 2018/05/18 | Dion Zijlstra<br>Susan Jacobs  | Haig Fourie<br>Koos Fourie    | Abstract                                                                                                                                                                                                                                | Jan Jacobs                                                                                                                                                                                                                                 | Koos Fourie<br>Hennie Karsten                                  |
| 2018/06/15 | Nicolaas Louw                  | Haig Fourie                   | Sport                                                                                                                                                                                                                                   | Elsje Vermeulen                                                                                                                                                                                                                            | Hennie Karsten<br>Hennie Karsten                               |
| 2018/07/20 | Rosie de Jager                 | Hennie Karsten                | Voorsitterstrofee                                                                                                                                                                                                                       | My beste selfoon<br>foto                                                                                                                                                                                                                   | Renee Storme                                                   |
| 2018/08/17 | Rosie de Jager                 | Francois Roux                 | Scapes                                                                                                                                                                                                                                  | Francois Roux                                                                                                                                                                                                                              | Brenda Karsten<br>Dricky Gouws                                 |
| 2018/09/14 | Susan Jacobs                   | Elsje Vermeulen               | Hekke/deure/<br>venster                                                                                                                                                                                                                 | Jan Jacobs<br>Nicolaas Louw                                                                                                                                                                                                                | Jan Jacobs<br>Jaco Kloppers<br>Elsje Vermeulen<br>Dricky Gouws |
| 2018/10/19 | Rosie de Jager                 | Koos Fourie                   | Wildlife                                                                                                                                                                                                                                | Chanel Enslin<br>Chris Gouws                                                                                                                                                                                                               | Renee Storme<br>Nicky J.V. Vuuren<br>Nicky J.V. Vuuren         |
| 2018/11/16 |                                |                               | <b><u>Veelsydigheid</u></b><br>Macro<br>Argitecture<br>Visual Arts<br>Street or Travel<br>Table Tops<br>Scapes<br>Portait<br>Photo Journalism<br>Nature<br><b><u>Overall</u></b><br>1st Place<br>Best Senior Photo<br>Best Junior Photo | <b><u>Wenners</u></b><br>Deon de Jager<br>Chanel Enslin<br>Elsje Vermeulen<br>Haig Fourie<br>Sobrina JV Rensburg<br>Francois Roux<br>Johan Brits<br>Elsje Vermeulen<br>Chanel Enslin<br><br>Haig Fourie<br>Francois Roux<br>Rosie de Jager |                                                                |

# KOLLIG

## Veelsydigheidskompetisie November 2018 – Uitslae.

